

*Die belewenis van
Afrikanermarginaliteit soos
weerspieël in enkele literêre
(ego)tekste tussen 2005
en 2009*

ABSTRACT

The experience of being marginalised may take on many forms. It may be as a result of certain values that society attaches to aspects such as gender, race, social standing, physical disabilities or sexual orientation. A group may be marginalised as punishment for their perceived (or real) transgressions in the past which are then seen as justification for the marginalisation. In some cases a person is unable to voice the experience of being/feeling marginalised, but in others voice is given to the “outsider experience”, possibly as a form of protest against the experience. In the article the experience of being marginalised as voiced implicitly or explicitly by some Afrikaans (Afrikaner) writers and poets is explored by referring to (for the most part autobiographical) texts published between 2005 and 2009. Most of these writers are older than seventy, and therefore the possibility of nostalgia for “a lost youth” is not ruled out. On the other hand certain common denominators pertaining to the experience of marginality as evident from the texts are pointed out.

1. Inleiding

Die belewenis van marginaliteit, of dan van gemarginaliseer te wees, kan vele gedaantes aanneem. Dikwels is die ervaring van die buitestander dié van iemand aan wie die lewe verbygaan, terwyl hy of sy altyd op die rand van gebeure staan en as ‘t ware ‘n toeskouersrol vertolk. Sommige mense kan dalk selfs die buitestandposisie verkies omdat dit minder aktiewe optrede verg.

Daar is egter ook gevalle waar die gemarginaliseerde geen keuse het nie omdat daar van geboorte af bepaal is dat ‘n ondergeskikte rol onvermydelik is. Dit kan wees vanweë bepaalde waardes wat deur die samelewing aan die persoon se geslag, ras, sosiale stand, liggaamlike of verstandelike gebreke en seksuele oriëntasie geheg word. Ander weer word later in hulle lewe beoordeel op grond van prestasies, soos akademiese of finansiële sukses; faal hulle die toets is hulle nie aanvaarbaar in die “hoofstroom” waar prestasie die maatstaf vir aanvaarding is nie.

Nie alle gemarginaliseerdes het die woordeskat of seggingsvermoë om hulle belewenis te verwoord nie en dikwels bly die ervaring van marginaliteit dan ‘n vae

onbehae, die besef dat die hoofstroom buite bereik bly en dat die ondergeskikte rol 'n onveranderbare lewenswerklikheid sal bly, al word daar nooit stem aan dié besef gegee nie.

Daar is egter ook ander gevalle waar die persoon wat marginalisering in die een of ander vorm ervaar baie goed in staat is om die belewenis duidelik te verwoord en dit ook doen. So 'n teks kan dan die vorm aanneem van 'n aanklag teen die sisteem wat die marginalisering veroorsaak, of dit kan bloot 'n soort elegie wees waarin herinneringe opgeteken word aan 'n vroeëre, gelukkiger tyd voordat die belewenis van marginalisering so sterk geword het. Dit is veral aan hierdie verskynsel, naamlik die verwoording van 'n belewenis van marginaliteit, wat verderaan aandag gegee sal word.

In hierdie artikel word daar oorsigtelik gekyk na enkele literêre tekste (hoofsaaklik met 'n outobiografiese inslag) wat tussen 2005 en 2009 verskyn het en geskryf is deur Afrikaanssprekendes wat ook sou kon beantwoord aan die breë definisie van *Afrikaner* (blanke Afrikaanssprekendes wat hulle in wisselende graad vereenselwig met die Afrikanergeskiedenis en –kultuurwaardes en wat meestal ook “taalpatrioties” gesind is). Die betrokke skrywers of digters kan almal op die een of ander manier beskou word as prominent binne die Afrikaanse intellektuele en kultuurwêreld. Een van die skrywers (Izak de Villiers) is intussen oorlede.

Die doel van die artikel is om enkele voorbeelde te gee van 'n belewenis van marginaliteit soos wat dit in wisselende mate in die betrokke tekste gestalte vind. Daar sal ook gepoog word om te bepaal watter faktore veral aanleiding gee tot hierdie belewenis en die dikwels elegiese toonaard van die tekste.

2. Marginalisasie en marginaliteit

Marshall (1998:363) sien marginalisasie as:

[...] a process by which a group or individual is denied access to important positions and symbols of economic, religious or political power within society.

Dit is 'n baie breë definisie, en vir doeleindes van hierdie bespreking sal die begrip dus fyner omlyn word.

Wanneer individue of 'n bepaalde groep op grond van 'n proses van marginalisasie nie ten volle deel kan hê aan die samelewing in die land waarin hulle leef nie, lei dié proses tot die belewenis van marginaliteit. Dit is 'n (dikwels durende) toestand van uitgesluit te wees, of minder geag te word, van randfiguur wees, gestereotipeer, sonder stem of stilgemaak wanneer jy wel probeer praat, sodat bitter stilsweye vir sommige die uitweg word, vir ander “afskeid en vertrek” en vir nog ander ekstreme pogings om te behou wat dreig om verlore te gaan.

Daar sou beweer kan word dat die persoon wat die uitsluiting verrig – wat dus besig is om te marginaliseer – diegene wat as “die Ander” gesien word as ’t ware verontmenslik. Die gemarginaliseerdes word uiteindelik dan nie waardig geag om toegang te verkry tot die posisies waarna Marshall hierbo verwys nie. Hierdie “Ander” kan in ’n gemarginaliseerde posisie geplaas wees omdat hulle as minderwaardig of nie-menswaardig beskou word, maar ook omdat hulle die voormalige vyand of oorheerser was en dus “verdien” om, wanneer die rolle omgekeer is, die posisie in te neem wat hulle self voorheen aan ander sou toegeken het.

Die siening van die huidige owerheid is moontlik dat blanke Afrikaanssprekendes as die vernaamste (oor)heersende groep (via die Nasionale Party) tot 1994 nog steeds die vrugte pluk van die ekonomiese en politieke mag wat toe hulle deel was. Die gevolg is dat baie wit mense (van wie Afrikaners die grootste getal uitmaak) vanweë regstellende aksie ná 1994 hulle werk verloor het en nuwe planne moes beraam ter wille van ’n bestendige inkomste, of andersins in een van die talle plakkerskampe van wit mense beland het.

Sou dit egter net om ekonomiese marginalisasie gaan, sou daar beweer kon word dat ook talle swart mense steeds gemarginaliseerd is, aangesien armoede onder dié bevolkingsgroep geensins opgehef is nie, ten spyte van die feit dat hulle sedert die 1994-verkiesing nie polities gemarginaliseer is nie. Die groei in getalle van die swart middelklas en die opkoms van ’n welvarende swart elite-groep skakel dus nie die armoede en ekonomiese uitsluiting van baie swart mense uit nie.

Dit gaan egter hier om meer as ekonomiese oorlewing of die belewenis van marginalisasie op grond van ekonomiese uitsluiting. Pease (2009:37) stel dit soos volg:

Social exclusion has become a major concept in social policy research. Although it is often used to denote those marginalised by non-participation in the labour market, Lister (2006:36) says that social exclusion ‘is a multi-dimensional concept ... embracing a variety of ways in which people may be denied full participation in society’.

In die tekste onder oënskou sal dus gekyk word na die ervaring van marginalisasie rakende veel meer as om uitgesluit te wees uit die formele werkmilieu: aspekte soos taal, geskiedenis, plekname en kulturele simbole kom ook onder die loep. Veral prominent is die kommer oor die verlies aan funksies en status van Afrikaans, die taal waarmee die Afrikaner vanaf die 1870’s en veral ná 1901 ’n “mitiese liefdesband” ervaar (vergelyk Jordaan, 2004).

In *Theorising Social Exclusion* (2009) maak die outeurs die bewering dat singewing en begrip van die wêreld deur taal geskied: “[...] our use of language creates, contests and recreates power, authority and legitimation...” (Taket *et al*,

2009: 190). Hierdie stelling verwys na die rol van taal in die algemeen, maar sou ewe goed van toepassing gemaak kon word op die rol van 'n persoon se eie taal, wat vir baie mense bowenal dien as simbool van kulturele identiteit.

3. Die versteuring van veilige patrone

In sy inleiding tot die Penguin-uitgawe van John Steinbeck se *East of Eden* haal die inleier (David Wyatt) die volgende uitspraak van Steinbeck aan (1992:xxi): "Disillusion is that emotion we feel when any of our safe patterns are disturbed."

In die literêre voorbeeldtekste waarna in hierdie artikel verwys sal word, is daar dikwels sprake daarvan dat die outeur 'n vorm van desillusie of ontgogeling ervaar. Dié ervaring neem verskillende vorms aan en die uiting van 'n belewenis van marginaliteit wissel van blyke van heimwee na die "goeie ou dae", ironie en spot – ook selfspot – tot bitterheid en selfs die uitgesproke wens om te vlug uit die eens "geliefde land".

In 1991, met die onderhandelings vir oorgang na die nuwe bestel reeds onderweg, sluit J.C. Steyn sy *Hoeke boerseuns ons was* oor sy grootwordjare op 'n plaas in die Riemland naby Petrus Steyn, sy jare as skolier en later student aan die UOVS en sy studie in Nederland af waar hy op pad terug is na Suid-Afrika van Londen se lughawe. Hy hoor 'n vrouestem op die lughawe die vertrek van sy SAL-vlug in Afrikaans aankondig en sy hart begin in sy keel klop. Hy land die volgende dag in 'n letterlik sonnige Suid-Afrika. Die slotreël van die vertelling, wat deur Elize Botha as 'n soort "pastorale lofsang" beskryf is, lui: "Dit was Desember 1967, en almal het geleef asof daar 'n toekoms was." Hierdie uitspraak dui dus in 1991, toe die boek verskyn het, al reeds op die besef dat die versteuring van "veilige patrone", soos Steinbeck dit stel, onvermydelik is. Vir die skrywer lê die ontnugtering daarin dat, anders as in 1967, die moontlikheid van die verlies aan 'n toekoms bestaan.

Die skrywers oor wie dit verderaan in hierdie artikel gaan, is, met moontlik een uitsondering, mense wat deur die jare volgehoue *Afrikaner*-sentimente openbaar het en wat uiteraard meestal ook deel uitmaak van die "taalstryders" vir Afrikaans teen wie daar soms fel kritiek gelewer word. (Hier kan onder meer verwys word na die 2010- D.F. Malherbe-gedenklesing wat prof. Jonathan Jansen by die UV gelewer het en waarin hy beweer dat die debat oor Afrikaans meestal gevoer word deur "right wing taalstryders and attention seeking Afrikaans intellectuals".)

Die tekste wat ter sprake gebring sal word, is onder meer outobiografiese vertellings van meestal ouerwordende persone. Die elegiese toon wat dikwels na vore kom sou dus ook toegeskryf kon word aan 'n besef van die kortstondigheid

en verganklikheid van die lewe en “de dinge die voorbijgaan” (soos in die titel van Louis Couperus se bekende roman oor ouerwordende of ou mense). Hierdie feit sal in gedagte gehou word in die bespreking. In ’n onlangse profielartikel in *By* (3 Desember 2011:9) beweer Louise Smit, “moederowerste” van verskeie Afrikaanse kinderprogramme in die vroeë jare van televisie:

Nostalgie is ’n komplekse saak ... dit het te doen met ’n behoefte om herinner te word aan ’n tyd toe die lewe ongekompliseerd en gelukkig was...

Daar sal dus nie net aandag geskenk word aan uitinge van heimwee na die vervloë kinder- en jeugjare van die skrywer nie, maar ook na dié wat dui op ’n belewenis van marginaliteit as gevolg van die huidige landsbestel en die veranderde posisie van die Afrikaner ten opsigte van aspekte soos sy rol in die regering en die werkplek, en die posisie van sy taal.

’n Verdere rede vir die posisie van marginaliteit lê natuurlik ook opgesluit in skuldgevoelens oor die geskiedenis van die Nasionale Party-bewindjare en apartheid, en oor gebeure gedurende veral die laat sewentiger- en tagtigerjare toe opstand teen die regering dikwels met geweld onderdruk is.

Alhoewel nie al die skrywers na wie se tekste verwys word aanhangers van die Nasionale Party was nie, sou dit waarskynlik tog korrek wees om te beweer dat Afrikanernasionalisme in sy “ontstaansvorm” ’n rol in elkeen se lewe gespeel het.

Die ontstaangeskiedenis en aanvanklike uitgangspunte van Afrikanernasionalisme word daarom kortliks uiteengesit omdat dit kan dien as agtergrond vir die huidige belewenis van marginaliteit by veral sommige van die skrywers na wie verwys word.

4. Die opkoms en uitgangspunte van Afrikanernasionalisme

Die opbloeï van Afrikanernasionalisme sedert die laaste dekades van die 19^{de} eeu en die eerste dekades van die 20^{ste}, met as belangrike katalisator die Anglo-Boereoorlog, is nie die fokus van hierdie diskoers nie. Wat wel in gedagte gehou kan word, is dat die opkoms van nasionalisme en nasionale state ’n verskynsel was wat reeds sedert die einde van die 18^{de} eeu waargeneem kon word. Anderson (1983:12 en verder) verklaar die verskynsel deur te wys op die geleidelike aftakeling van die voorafgaande twee sterk kulturele sisteme, naamlik die godsdienstige gemeenskap en die koninkryk. Sy standpunt is dat bogenoemde sisteme vir die mense van hulle tyd as vanselfsprekende verwysingsraamwerke gedien het, en dat hulle aftakeling noodwendig plek gemaak het vir ’n nuwe raamwerk, wat uiteindelik dié van nasionalisme was. Anderson stel dit soos volg (1991:12):

What I am proposing is that nationalism has to be understood by aligning it, not with self-consciously held political ideologies, but with the large cultural systems that preceded it, out of which – as well as against which – it came into being.

Die afleiding uit hierdie stelling van Anderson is dat nasionalisme 'n raamwerk gebied het waarbinne groepe mense in die laaste twee eeue gedink en gefunksioneer het

In die gevolgtrekking van Van Jaarsveld se boek oor die opkoms van Afrikanernasionalisme (in Engels vertaal vir die Britse/oerseese publiek) verduidelik die skrywer die wese van Afrikanernasionalisme soos volg (Van Jaarsveld, 1961:221-223).

In essence, Afrikaans nationalism was a question of the heart. [...] the emphasis began to fall strongly on the entity "nation" and the term "fatherland". [...] Afrikaans nationalism was characterised by an urge towards self-preservation and maintenance of national identity. [...] love for the nation's past became a major characteristic of Afrikaans nationalism.

Daar moet in gedagte gehou word dat Afrikanernasionalisme aanvanklik baie minder gerig was op politieke en ekonomiese mag as op die begeerte om 'n onafhanklike, nie-Britse identiteit te behou en Afrikaans (aanvanklik "Hollands") vir sy sprekers te laat voortbestaan. Die volgende uitspraak van die bekende Afrikaanse skrywer M.E.R. (1972:167) dui ontseenslik daarop dat Afrikanernasionalisme aan die begin van die 20^{ste} eeu veral gedryf is deur die "droom" van vryheid en herwonne selfrespek na die oorlog:

Oral in die land, op onse dorp kon jy dit (die voortsetting van die "vryheidsdroom" – AJ) sien in die stigting van 'n tak van die Afrikaanse Taalvereniging [...]. En ons kon dit sien aan die hele geskiedenis van die Privaatskool en die verowering van leierskap in die onderwys deur die Afrikaner. Maar dit het baie swaar gegaan: ons was oral, op die kleinste dorp, omring van teenstand. As ek nou die lewensbeskrywing van Steyn en Hertzog lees, vind ek in hulle briewe van daardie tyd, soos in 'n spieël, ons hele nimmerverslappende opdraand gesukkel om onself te bly.

En ten spyte van groot oordeelsfoute toe daar wel later daarin geslaag is om "onself te bly", het baie Afrikaners op 'n stadium in die geskiedenis geglo dat daar 'n werkbare oplossing vir 'n komplekse samelewing gekonseptualiseer is.

Die historikus Hermann Giliomee publiseer in 2003 'n omvattende werk oor die geskiedenis en rol van die Afrikaners in Suid-Afrika, aanvanklik in Engels vir die nie-Afrikaanssprekende mark, waardeur hy verskeie sake rakende die apartheidswette en maatskaplike reëlins in wyer perspektief stel. Dié wette en gepaardgaande maatskaplike onregte was volgens hom vir die Afrikaners bowenal "a desperate attempt to secure their survival", maar uiteindelik ook "a blight on

their name and a hidden curse on their future” (Giliomee 2003:665-666). En tog beweer hy ook rakende post-’94:

The Afrikaners had been forced to reconsider many of their assumptions, but most still found it difficult to agree that apartheid in principle was wrong.

Die afleiding sou dus kon wees dat baie Afrikaners hulle huidige (moontlik) gemarginaliseerde posisie op grond van die apartheidsverlede sien as in ’n mate ongeregtig.

5. “Om op te teken ten einde te bewaar”

Die uitgangspunt wanneer daar hierna na die betrokke skrywers se (hoofsaaklik outobiografiese) tekste gekyk word, sal wees om by elkeen te probeer bepaal watter fasette van sy of haar lewe veral deur verlies en ontgnugtering geraak is, en wat dan sou gelei het tot ’n gevoel van gemarginaliseer te wees binne ’n land wat voorheen die “land van die vaders” en “dierbaar Suid-Afrika” was. Soos Barbara Kingsolver dit in *The Poisonwood Bible* stel:

We all are, I suppose. Trying to *invent our version of the story*. All human odes are essentially one: ‘My life: what I stole from history, and how I live with it’ (Kingsolver 1999:492).

Oor die essensiële waarheid van baie waarhede, laat Brink een van sy karakters hom soos volg uitlaai in *Anderkant die stilte*:

“Dis nie die storie wat jy ons vantevore vertel het oor hoe jou mense hier gekom het nie,” maak Katja beswaar. “Oor die twee broers by die groot boom.” Kahapa haal sy skouers in die donker op. “*Ons het baie stories,*” sê hy. “*En al die stories is waar. Jy moet net reg leer luister ...*” (Brink, 2002: 202).

Hermann Giliomee het in “Briewe uit die Suide”, wat in Februarie 2010 in *By opgeneem* is (en waarvan hy op versoek ’n elektroniese kopie aan my gestuur het), aan sy dogter Adrienne in die buiteland geskryf oor verskillende gebeure in Suid-Afrika, onder meer die taalstryd by die Universiteit van Stellenbosch waarby hy as raadslid aktief betrokke was. Daar is interessante verwysings na sy kontak met J.M. Coetzee en Athol Fugard, wat albei hulle verbondenheid met die land bevestig en selfs erken dat hulle dalk baie in gemeen het met die Afrikaners. Die toonaard van Giliomee se briewe aan sy dogter is soms somber, hoewel nooit volkome negatief nie. Maar wat veral opval, is die rede wat gegee word vir optekening of “vertelling” – die bres wat dit kan slaan wanneer alles besig is om te disintegreer. Hy verduidelik dit só:

By Fugard is daar dieselfde drang wat Karel Schoeman een keer teenoor my verwoord het: om op te teken ten einde te bewaar. ’n Wêreld, ’n beskawing, ’n lewensorde is besig om onder te gaan, uit te rafel, te

disintegreer. Al wat ons kan doen is om op te teken sodat ten minste die vertelling as iets tasbaars kan oorleef.

En dit is dan miskien die belangrikste bydrae van die skrywers wat – gedryf deur ’n begeerte om te vertel hoe dit gesteld was met die Afrikaner, ook die Afrikaner in die “verkeerde eeu” – deur hulle vertellings verhoed dat alles uiteindelik verlore sal gaan, die kosbare erfenis saam met die skuldgevoelens en boetedoening en onwil om iets goeds uit die Afrikanersgeskiedenis te onthou.

Maar juis die besef van marginaliteit, van ’n onvermydelike verskuiwing van die sentrum na die rand van gebeure, gee aan die tekste van die betrokke skrywers dikwels ’n elegiese toon, ’n nostalgie oor die dinge wat verbygegaan het.

Van Coller (2009:24-25) wys op die feit dat veral jong skrywers ná 2 Februarie 1990 met die “persoonlike en kollektiewe verlede “ geworstel het (24) en meen dat verskeie Afrikaanse literêre tekste van die negentigerjare ’n “obsessionele belangstelling in en bemoeienis met die geskiedenis” toon (25). Hoewel die een pool van hierdie belangstelling volgens hom parodie is, is die ander pool juis nostalgie. Van Coller omskryf nostalgie soos volg (25):

Nostalgie is die hunkering na iets wat onherroeplik verby is – ’n koestering van dit wat herinner aan vervloë tye, altyd met die bygedagte dat dit toe ‘beter’, ‘eerliker’, ‘suiwerder’ was en dat die verlede vormend was.

Hierdie siening rym met die voorheen aangehaalde uitspraak van Louise Smit oor nostalgie (vgl. afdeling 3 hierbo).

Die uitinge van nostalgie in sommige van die voorbeeldtekste, waarvan die meeste outeurs reeds minstens ouer as sewentig is, dui wel in sommige gevalle bloot op die hunkering na die vervloë dae toe alles mooi en nuut was. Andersyds is daar egter ook duidelike blyke van ’n belewenis van marginaliteit juis op grond van die feit dat die outeur deel is van die tans gemarginaliseerde groep - die Afrikaners. Nostalgie en die belewenis van marginaliteit is nie wedersyds uitsluitend nie, maar daar sal tog gepoog word om voorbeelde uit te wys wat nie net dui op die hunkering na die “goeie ou dae” nie, maar ook op die ervaring van ’n nuwe posisie as gemarginaliseerde.

6. Voorbeeldtekste

Die geselekteerde tekste word in hierdie afdeling afsonderlik gelys en daar word verwys na uitsprake/gedigte/versreëls wat kan dui op die belewenis van marginaliteit. Uiteraard kan elkeen van die tekste nie in ’n artikel van hierdie omvang indringend bespreek en alle moontlike uitsprake oor nostalgie en marginaliteit uitgewys word nie. In die gevolgtrekking (afdeling 7) word die belangrikste aanduidings van ’n belewenis van marginaliteit en die weemoed rondom verliese vir die Afrikaner op vele terreine kortliks saamgevat.

6.1 *Sonkyker - Afrikaner in die verkeerde eeu* - J.C. Steyn (2008)

Jaap Steyn se “fragmente” oor die geskiedenis van ’n volk, ’n gesin en ’n individuele lewe boei en bekoor die leser met onder meer ’n verslag van ’n dag in die jare veertig; daar word vertel van die kweek van bome en van kinders, die gesprekke van die moeder met die kuikens wat ’n inkomste moet help skep vir die kinders se geleerdheid; daar is liefde vir die grond, vir kultuur, respek vir die Skepper en vir mense, en ook vreugde in elke dag se goed afgehandelde dagtaak en die geselligheid van menslike gemeensaamheid. Dié oënskynlik “onskuldige” verslag laat mens egter vermoed dat daar iets mee bedoel word van wat Giliomee in die aangehaalde “Brief uit die Suide” aanraai: om op te teken ten einde te bewaar. Daar is soveel wat besig is om verlore te gaan van dit wat die Afrikaner tot stand gebring het dat net die vertelling daarvan nog as iets tasbaars sal kan oorleef.

Die vraag ontstaan ook waarom die subtitel verwys na ’n “Afrikaner in die verkeerde eeu”. Die antwoord lê waarskynlik by die besef dat gebeure in die 20^{ste} eeu die Afrikaner uiteindelik nie ten goede was nie. Eers was daar onmeetbare groot verliese tydens die Anglo-Boereoorlog, daarna die moeilike Depressiejare en groot Afrikanerarmoede; later die oënskynlik “Afrikanervriendelike” tydperk ná 1948, maar wat daarna gelei het tot isolasie en verguising wêreldwyd met die toepassing van die Apartheidsbeleid; en in 1994 volg wat moontlik beskou kan word as die algehele verlies aan mag en die ervaring van marginaliteit in baie opsigte.

Die posisie van marginaliteit word by Steyn (wat reeds in 1980 vanweë sy besorgheid oor die behoud van Afrikaans die bekroonde taalpolitieke boek, *Tuiste in eie taal*, die lig laat sien en al in talle rubrieke telkens op die verslegtende posisie van Afrikaans gewys het) veral gereflekteer in sy verwysings na die tanende rol van Afrikaans en die weerstand van sogenaamde “taalaktiviste” daarteen (Steyn, 2008:370):

Die verset teen die prysgawe van Afrikaans het in die eerste dekade van die millennium gegroei. Die benaming taalaktivisme is al hoe meer gebruik vir taalreg-georiënteerde aktiwiteite waarmee belanghebbendes druk op maghebbers probeer uitoefen om ongewenste taalbeleide en taalpraktyke te verander.

Die posisie van marginaliteit is vir die skrywer van *Sonkyker* ook geleë in die feit dat die geskiedenis van die Afrikaner in die nuwe bedeling verdag gemaak word en dat daar nie ruimte gelaat word vir ’n onthou van die talle goeie aspekte daarvan nie. Aangrypend is die skrywer se eie samevatting in die laaste bladsye van die boek van die Afrikaner se veelbewoë geskiedenis. ’n Fragment hiervan lui soos volg (p.383):

Gebeure en insidente in ons familiechroniek weier om in my vergeetboek te raak: Daar is oupa Piet wat op ’n wintersoggend in die oorlog op sy knieë

deur die veld gekruip het om te kan voortveg; sy oudste seun wat ter wille van vryheid sterf terwyl 'n jonger broer langs hom die gras uit die grond trek van hartseer; Pa en Ma wat geld afknyp vir die Reddingsdaadbond om nóg armer Afrikaners te kan help [...] Onberekenbaar was die opofferings van 'n hele geslag Afrikaners vir hulle kinders se geleerdheid... Vir geleerdheid, en veel meer...

Daar is by implikasie teen die einde van die teks 'n groot mate van ontugtering en 'n gevoel van marginaliteit in die uitroep: “Hoe het hulle almal nie geglo aan die toekoms en die reg van die Afrikaner nie!” (bl. 384); en in die slotreël is daar 'n versugting wat inspeel op woorde wat N.P. van Wyk Louw in die mond van 'n sterwende soldaat plaas – “Miskien sal niemand later mooi dinge van ons weet / en nêrens sin te kry wees in al ons stryd en leed...” (Uit: *Die Halwe Kring*, 1937:52). In die geval van *Sonkyker* lui dit: “Miskien sal iemand later tóg ‘mooi dinge van ons weet’”.

6.2 *Vrypas* - Dot Serfontein (2009)

Herinnering is sowel eksplisiet as implisiet die leitmotief in *Vrypas*, 'n lewensoorisig wat in 'n groot mate ook die Afrikanergeskiedenis van die 20^{ste} eeu reflekteer. Dot Serfontein se eie verklaring vooraf stel dit egter so: “*Vrypas* is nie 'n herskrywing van die land se geskiedenis of politiek nie, maar my weergawe van die konteks waarbinne dit drie geslagte lank die lewe van my plattelandse boeregesin beïnvloed het.”

Daar word in die boek verslag gedoen van die boerderyjare op haar erfplaas, 'n deel van die oorspronklike Middenspruit van die Delports, maar met 'n ligte aanslag: die interessante en snaakse kry voorkeur bo die onvermydelike tye van swaarkry en teleurstellings. Dit wil dus aanvanklik voorkom asof Dot Serfontein se teks nie uiting gee aan 'n ervaring van marginaliteit nie. Wie egter fyn lees, sal die wroeging oor die verslegtende posisie van die Afrikaner en ook die verskil in lojaliteit tussen haar en haar bekende oudste kind, Antjie Krog, kan waarneem.

Die skrywer skets die gebeure toe sy self van Antjie se vroeë gedigte en 'n prosastuk vir Kroonstad Hoërskool se skooljaarblad help uitsoek het en die opspraakwekkende en sensasionele kommentaar kort daarna op die voorblad van 'n Sondagkoerant. Dot se uitspraak hieroor lui:

Ek het dit (bekendheid of “roem” op so 'n jong ouderdom – AJ) met mag en krag en gebed in 'n koers ingedwing. Roem is tog iets wat mens toekom wanneer jy weet wat om daarmee te maak. Nie as dit in ander se belang soos 'n dodelike mes in die hand van 'n kind gelaat word nie. Sy is in standerd agt. Sy is 'n kind. My kind” (bl. 272).

Met die “vrypas” wat die skrywer haar toeëien op grond van haar meer as tagtig jaar skram sy voorts nie daarvan weg om oor bepaalde sake 'n mening uit te spreek wat sekerlik nie altyd as polities korrek of gewild beskou sou kon word

nie. Daar is verskeie voorbeelde hiervan, soos onder meer haar stelling oor die Sestiger-groep Afrikaanse skrywers en digters:

Maar dis nie te ontken nie dat die Sestigers bydraend was tot die verwarring van die Afrikaner in sy soeke na die oplossing van landsprobleme en dat sommige van hulle juis hieruit goedkoop en onverdiende stilistiese roem verkry het.

Die afleiding is dat die skrywer haar sterk vereenselwig met “Afrikaner-wees” en wat sy noem die Afrikanersoek na ’n oplossing vir die land.

Ontnugtering en parodie (vergelyk Van Collier 2009 soos voorheen aangehaal) is egter onteenseglik daar in haar kommentaar op die vraag: “Is daar nog iets soos ’n rasegte Afrikaner?” in die hoofstuk met die ironiese titel “Sing van ons land in die Suide” (bl. 294 en verder). Die mans langs die braaivleisvure (of liefs die “gasbranders”) sal volgens die skrywer wel kans sien om donasies te gee vir Afrikanerskap. As dit taalhandhawing vra, is hulle egter net daartoe bereid “as dit mens nie in verleentheid stel op byeenkomste oorkant die kleurgrens nie”. Maar hulle is verseker nie bereid om “aggressief teen Afrikanermiskening [op te tree nie].” Hulle is ook nie gerig op ’n “finest hour” nie (na aanleiding van Churchill se uitspraak toe hy die verslae Engelse op ’n stadium in die Tweede Wêreldoorlog tot oorwinning aangespoor het): “Ag nee wat, nie vir ons nie dankie. Onse ‘finest hour’ kan ander ouens saam met ons skole, ons grond en ons hospitale present kry” (bl. 295). Die wete van verlies vir die Afrikaner op baie vlakke en daarom ook die ervaring van marginaliteit spreek baie duidelik uit die verwysing na die prysgawe van skole, grond en hospitale.

Hoewel die klem in *Vrypas* dus op die persoonlike en medemenslike lê, en ook op die skrywer se verbondenheid aan haar geliefde ruimte, die plaas, is daar bepaalde verwysings na die verlies aan die metaforiese ruimte van haar volk. Nostalgie, maar ook die begeerte om te onthou (en op te teken), word verwoord in haar verwysing na die swaeltjies se vertrek en terugkeer in die somer:

Eintlik is ons almal swaeltjies, want waar die lewe ons ook neem, ons sal altyd na dieselfde broeiplek terugkeer, al is dit net in herinnering (bl. 214).

6.3 *Strooidak en toring: Van mense en my tyd* - Izak de Villiers (2009)

Hierdie teks van Izak de Villiers behels ’n bonte verskeidenheid vertellings oor sy lewe as predikant, direkteur van maatskappye en redakteur van *Sarie* en die Sondagkoerant *Rapport*. Die oorsig oor sy lewe en dié van sy tydgenote dek dus grootliks jare waarin die Afrikaner nie die ervaring van marginaliteit ervaar het nie omdat hy deel was van die regerende groep in die land. Uit die vertelling blyk duidelik dat die skrywer geensins onkrities was teen die NP-beleid en teen dr. H.F. Verwoerd (vir wie hy, ironies genoeg, die roudiens op Albertinia moes waarneem) nie. En tog is hy net so krities teen die onderhandelingsproses wat tot

die demokratiese verkiesing gelei het, want, meen hy (bl. 204): “Vir my was dit lankal meer as duidelik dat FW min geweet het van hoe om ’n oorgang van so ’n geweldige omvang te bestuur”.

Op 27 April 1994, op die stemdag, ry Izak na sy kantoor by die koerant, en luister op pad na ’n kasset met ou volksliedere. “Toe hulle die ou Vrystaatse volkslied speel, het my trane geloop...” Weemoed en die vermoede dat daar vorentoe bes moontlik verdere ervarings van marginaliteit wag, spreek uit hierdie beskrywing. Daar is egter ook ’n bylaag by die teks wat De Villiers se sluitingsreferaat by ’n sitting van die SA Akademie in 2004 bevat. In die referaat met die titel “’n Nuwe romantiek”, verduidelik die skrywer dié romantiek onder meer soos volg (bl. 265):

In die nuwe romantiek konfronteer jy jou eie duiwels uit die verlede en jy probeer hulle so goed moontlik hokslaan, maar dan soek jy jou engele [...] Die soektog begin in ons totale verlede, nie slegs in die onlangse verlede van ’n lapsus nie [...] Jy vertrap nie jou eie helde en mites nie, jy bou hulle...

Die afleiding is dus dat daar nie soveel tekens van die ervaring van marginaliteit in *Strooidak en toring* te bespeur is as in die vorige twee tekste (vgl. 6.1 en 6.2) nie. Die toon van genoemde referaat is hoofsaaklik positief. Dit is egter in dieselfde skrywer se twee digbundels, wat ook heelwat egomateriaal bevat, dat daar veel duideliker tekens van die besef van marginaliteit en van vervreemding in die eie land voorkom. Daar word dus vervolgens na dié twee digbundels verwys.

6.4 *Jerusalem tot Johannesburg* (2005) en *Vervreemdeling* (2008)

In eersgenoemde teks is die tekens van ontnugtering met die nuwe bedeling en die ervaring van verlies en bedreiging onmiskenbaar. Daar sou heelwat voorbeelde gegee kon word maar daar word ter wille van ruimte volstaan met “Klein ballade van Oom Dawie Liefie-hulle”. Dié verhalende gedig vertel in net 14 versreëls ’n skrynende verhaal van die ervaring van Afrikanermarginaliteit en die fisiese en emosionele bedreigings wat daarmee gepaardgaan (bl. 3):

Die titel van die tweede bundel, *Vervreemdeling*, spreek vir sigself en is sonder twyfel ’n uiting van die digter se gevoel van marginaliteit. Hy, wat in sy beroepslewe altyd in die kern van die kultuur- en intellektuele lewe gestaan het, voel homself hier uitgestoot na die periferie soos iemand wat vervreemd is. Hy spreek dan ook die ou Indiaanse “Groothoofman Sittende Bul” as sy geesgenoot aan met die woorde: “Onsalig, o Tatanka, kyk ons na mekaar: / twee geeste in ons eie foto’s van vergeet. – / ons tuur saam uit ons skreefgrotoë / Want ons weet” (bl. 12).

Klein ballade van Oom Dawid Liefie-hulle

Oom Dawid Liefie is ook op sy plaas vermoor,
 op Dorsbult, toe hy na sy beeste wou gaan kyk.
 In dié omtrek was dit vanjaar die vyfde roof.
 Die jakkalse was nog vroegoggend by sy lyk.
 Die moordenaars het toe Ta' Liefie doodgewurg
 die aandkos luiters opgeëet en Richelieu gedrink,
 die bakkie volgelaai en met 'n haelgeweer gevlug,
 die hekpaal omgery en laatnag in 'n kroeg rinkink.
 Die dogter van Oom Dawid is aan kanker dood.
 Sy seun, Klein Dawid Liefie, is 'n ingenieur -
 sy firma het besluit hul kwotas is te groot
 en met sy klein pakket het hy geëmigreer.
 Hy het 'n groot kontrak by Dorchester on Thames
 Sy seun trek op Oom Dawid, maar hulle noem hom James.

Verskeie van die gedigte in veral hierdie bundel bevestig die tema van verandering, verlies en vreemdelingskap, en dus van die belewenis van marginaliteit.

6.5 Onbedoelde land - Bernard Odendaal (2007)

Bernard Odendaal is van 'n heelwat jonger geslag as die skrywers en digters hierbo, maar ook by hom is daar besliste tekens van weemoed om verandering en verlies, en by implikasie ook aanduidings van die ervaring van marginaliteit.

Die titel van die bundel is 'n gesprek met die historiese romans van FA Venter oor die hoogtepunte uit die Afrikanergeskiedenis, wat afsluit met die roman wat handel oor die vestiging van die Voortrekkers in die "bedoelde land". Dit is hierdie selfde land wat nou 'n "onbedoelde land" geword het.

As voorbeeldteks word hier slegs gewerk met die eerste gedig in die bundel ("Harmonie – distrik Bloemfontein") waarin tekens van verlies en agteruitgang soms implisiet, maar ook eksplisiet, teenwoordig is. Die eerste versreëls lui:

Die herkontoerde pad

trek 'n snelstreep deur die *ou kontrei* (bl. 13, my kursivering).

Daarna word vertel hoe dit "destyds" was toe daar op pad na die plaas met sy bordjie "HARMONIE/HOENDERBOERDERY" by mense langs die pad "liefderyk omslagtig ingeloer" is. Dit was toe "pa" ook met blomme en groente geboer het, die buitekamers "bevolk" het met vyf seuns en daar vier Sotho-gesinne op die plaas gehuisves is om te help met die werk. In teenstelling met die destydse idilliese bestaan, is daar die nou: 'n werklikheid wat die idille ingehaal

het. Pa is ter aarde bestel, die plaas al drie maal verkoop en die Sotho's vort na plakkerhutte. En die digter en sy broers is op soek na "so 'n droomadres tussen al die êrense, en nêrens" (bl. 14). Die laaste versreëls spreek duidelik van 'n nostalgiese terugverlang na die "goeie ou dae", maar sou ook gelees kan word as 'n ervaring van marginaliteit – 'n bepaalde "adresloosheid" van die Afrikaner in die "onbedoelde land".

6.6 *Reisiger – die limietberge oor* - Elsa Joubert (2009)

Elsa Joubert se *Reisiger – die limietberge oor* sou by wyse van kontras redelik indringend met die genoemde tekste vergelyk kon word, mits die bestek dit sou toelaat. Elsa het grootgeword in 'n huis waar veral die vader 'n vurige Afrikanernasionalis was en dié konteks word baie helder geskilder in die eerste deel van haar outobiografiese vertelling, *'n Wonderlike geweld* (2005). Elsa het egter al gou dié bande losgemaak. Sy het van redelik jonk baie krities begin staan teen die beleid van dr. Malan en die Nasionale Party en het vroeg reeds een gevoel met die groep Afrikaanse skrywers en digters wat hulle skryfwerk veral aangewend het as 'n vorm van protes teen die apartheidsbeleid. Sy was dus in die geselskap van onder meer Jan Rabie, Etienne Leroux, Breyten Breytenbach, Ingrid Jonker en André P. Brink om maar enkele van die markantstes uit te sonder. Die flapteks verwys na die vraag waarmee in die outobiografie geworstel word: "Kan 'n mens lewe sonder respek en liefde vir jou volk?" Elsa het dus waarskynlik eerder veel vroeër in haar lewe 'n gevoel van marginaliteit beleef as in haar latere jare.

Sy vertel dan ook reeds aan die begin van *Reisiger* hoe sy met bepaalde negatiewe gevoelens teenoor haar volk geworstel het toe sy as jong vrou op 'n eerste reis in Afrika verlief geraak het op 'n Indiese man en haarself betrap het dat sy onseker was oor die uitkoms van so 'n verhouding en die reaksie van haar mense. Want, erken sy: "[...] mens veeg nie 'n lewe lank se ingesteldheid sommerso uit jou kop nie" (bl. 27).

Elsa en haar man, Klaas Steytler, ook 'n skrywer, is toenemend krities teenoor die Nasionale Party se beleid en sy voel haar vervreemd van – en deels gemarginaliseer deur – haar mense. Die vriendskap met veral Jan Rabie en sy vrou Marjorie Wallace en die vakansies op Onrus bring egter die besef dat hulle nie alleen staan in hulle kritiek nie, en veral die sogenaamde Skrywersgilde van Afrikaanse skrywers is 'n katalisator in die proses van losmaak van die volk. Maar dit is natuurlik veral met die verskyning van *Die swerfjare van Poppie Nongena* in 1978 dat sy die sisteem so trompop gekritiseer en onreg ontmasker dat sy bekend geraak het as een van die mees "betrokke skrywers" teen apartheid. Mens kan met die lees van die boek die afleiding maak dat, hoewel sy ook reeds bejaard is

soos sommige van die ander skrywers na wie verwys is, Elsa Joubert se teks tog baie minder tekens toon van 'n gevoel van marginaliteit binne die nuwe bestel.

Wat wel die geval is, is dat sy ná 1994 steeds 'n "taalpatriot" bly en dat sy, soos baie ander Afrikaanssprekendes, derhalwe diep besorgd is wanneer sy waarneem hoedat Afrikaans deurentyd status inboet. Sy vertel dat die Skrywersgilde intussen "'n stille dood gesterf (het)", dat die jong mense "sku" is vir Afrikaans en dat hulle doelbewus 'n mengelmoes met Engels praat; jong professionele Afrikaners voel niks vir Afrikaans nie. Al dié tekens laat by haar "'n koue werklikheidsbesef" posvat: "Afrikaans is aan die gly" (bl. 408). Dit is dus as gevolg van die agteruitgang van Afrikaans dat ook voorheen "betrokke" skrywers soos Elsa Joubert ná 1994 iets van die gemarginaliseerde posisie van die Afrikaners as groep beleef.

6.7. "Reise" (opgeneem in *Oulap se blou*) - Chris Barnard (2008)

Chris Barnard, soos Elsa Joubert, was in die apartheidjare lid (en per geleentheid voorsitter) van die Skrywersgilde en as "betrokke skrywer" krities teen die regering. Ook hy ervaar egter nou in die nuwe bedeling om verskeie redes dat hy/sy mense of taalgenote gemarginaliseer is.

Oulap se blou is by uitstek 'n teks waarin verlore paradijs aan die orde kom; die "blou" is hier in die plek van die oulap se gebruikelike "vrolike rooi". In die kortverhaal "Reise" word besin oor die rol van plekname en die verandering van dié name (nog een van die veranderde patrone waarmee saamgeleef moet word), en dan ook oor die rol van Afrikaans in die oortel van die land se geskiedenis:

Wenen. Moonooi. Duiwelskloof. Lekkersing. Dwaalboom. Blyderivier. Mara. Baardskeerdersbos. Minnebron. Bloedrivier [...] Jy kan 'n geskiedenis herskryf, maar jy kan dit nie verander nie. Jy kan ou plekke nuwe name gee, maar nie die rede uitwis hoekom dit oorspronklik so genoem is nie

En:

[...] 'n omvangryke deel van hierdie land was tot nou toe in Afrikaans geskryf. Ook in Zoeloe en Venda en Engels en noem maar op. Maar ook in Afrikaans. En in jou nánagtelike sluimering weet jy: wanneer 'n land tot teks getranskribeer word, kan jy net dié gedeeltes volledig begryp wat in jou moedertaal geskryf is" (bl. 36).

Die afleiding is dat die skrywer deeglik bewus is van die rol wat die verandering van plekname speel in die proses van marginalisering van 'n groep. Hierteen probeer hy weerstand bied deur daarop te wys dat geskiedenis nie so maklik uitwisbaar is nie, dat daar nie weggedoen kan word met die oorspronklike rede vir die naam van 'n plek nie. Ook die rol van Afrikaans in die opskryf van die land se verhaal, bly onmiskenbaar; die implikasie is egter dat dit nie meer algemeen aanvaar word nie, en dat Afrikaans – en daarmee saam die Afrikaner – gemarginaliseer is.

7. Slotsom

Die ervaring van marginaliteit is ’n pynlike realiteit vir baie Afrikaners, wat selfs huiwerig is om nog dié naam vir hulself toe te eien.

Die voorbeeldtekste is maar enkeles wat uit ’n veel groter korpus literêre egotekste gekies is om fasette van die belewenis van marginaliteit te weerspieël. Daar is ander skrywers en digters vir wie Afrikaans baie na aan die hart lê wat ewe goed hier betrek sou kon word. Twee van die markantstes onder hulle is Hennie Aucamp en Lina Spies.

Redes vir die belewenis van marginaliteit soos wat dit in die tekste weerspieël word, is onder meer die volgende:

- Die vermoede dat al die opofferings van die ouer geslag vir die opvoeding, regte en toekoms van die Afrikanerjeug tevergeefs was, en dat daar moontlik niks goeds omtrent die Afrikaner as groep onthou sal word nie (*Sonkyker*)
- Die belewenis van “politieke kapitulasie” in die negentigerjare en gevolglik van ’n onomkeerbare ondergeskikte rol in landsake (*Vrypas en Strooidak en toring*)
- Plaasmoorde waarvan veral Afrikaners die slagoffers is; emigrasie en verengelsing in die buiteland (*Jerusalem tot Johannesburg*)
- Die gevoel van vervreemding of vreemdelingskap in die eie land (*Vervreemdeling*)
- “Adresloosheid” van die Afrikaner in die nuwe bestel, en gevolglik ook die onvermoë om langer aan die “Sotho’s” wat vroeër in diens was werk en woonplek te verskaf (*Onbedoelde land*)
- Die skynbaar onkeerbare agteruitgang van Afrikaans (uitgespel in verskeie van die tekste, maar ook duidelik in *Reisiger*)
- Pleknaamveranderinge en die vrees vir die verlies aan seggingskrag en ware begrip as die moedertaal, Afrikaans, verlore sou gaan (“Reise” in *Oulap se blou*)

Nie alles wat genoemde skrywers en digters sê, dui egter op boedel oorgee nie. In die kollektiewe geheue is daar ook baie goeie en opbouende en vreugdevolle herinneringe vasgelê wat gekoester kan word. En in die tekste waarna verwys is, is daar gedoen wat Giliomee in “Brief uit die Suide” as mikpunt stel: om op te teken sodat ten minste die vertelling as iets tasbaars kan oorleef.

Universiteit van Pretoria

VERWYSINGS

ANDERSON, B. R. O'G.

1991. *Imagined communities: reflections on the origin & spread of nationalism*. New York: Verso.

BARNARD, C.

2008. *Oulap se blou*. Roggebaai: Umuzi.

BRINK, A.P.

2003. *Anderkant die stilte*. Kaapstad: Human & Rousseau.

BY. (BYLAAG BY BEELD).

2011. Johan van Zyl in gesprek met Louise Smit: *Om saans lag-lag te gaan slaap*. 3 Desember 2011: 8-9.

DE VILLIERS, I.L.

2005. *Jerusalem tot Johannesburg*. Kaapstad: Tafelberg.

2008. *Vervreemdeling*. Kaapstad: Tafelberg.

2009. *Strooidak en toring: van mense en my tyd*. Kaapstad: Umuzi.

GILIOMEE, H.

2003. *The Afrikaners*. Kaapstad:Tafelberg.

2010. Brief uit die Suide. In *By*, Februarie 2010 (Aanhaling in artikel soos in elektroniese kopie deur skrywer aangestuur.)

JORDAAN, A.M.

2004. *Mites rondom Afrikaans*. DLitt-proefskrif: Universiteit van Pretoria.

JOUBERT, E.

2009. *Reisiger: die limietberge oor*. Kaapstad: Tafelberg.

KINGSOLVER, B.

1999. *The Poisonwood Bible*. London: Faber and Faber Ltd.

LISTER, R.

2000. Strategies for social inclusion: promoting social cohesion and social justice. In: Askonas, P. & Stewart, A. (eds.). *Social Inclusion: Possibilities and Tensions*, London: Macmillan.

LOUW, N.P. VAN WYK.

1937. *Die Halwe Kring*. Kaapstad: Nasionale Pers.

MARSHALL, D. (ED.).

1998. *Dictionary of Sociology*. (2nd edition). New York: Oxford University Press.

M.E.R.

1972. *My beskeie deel: 'n outobiografiese vertelling*. Kaapstad; Tafelberg.

ODENDAAL, B.

2007. *Onbedoelde land*. Kaapstad: Tafelberg.

PEASE, B.

2009. The other side of social exclusion: interrogating the role of the privileged in reproducing inequality. In: Taket, A. *et al* (eds.): 37-46.

SERFONTEIN, D.

2009. *Vrypas*. Pretoria: Protea Boekhuis.

STEINBECK, J.

1992 (1952). *East of Eden*. New York; Penguin. (Inleiding deur David Wyatt.)

STEYN, J.C.

1991. *Hoeke Boerseuns ons was*. Kaapstad: Tafelberg.

2008. *Sonkyker: Afrikaner in die verkeerde eeu*. Kaapstad: Tafelberg.

TAKET, A., CRISP, B.R. ET AL (EDS.).

2009. *Theorising Social Exclusion*. London: Routledge.

VAN COLLER, H.P.

2009. *Tussenstand: letterkundige opstelle*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

VAN JAARVELD, F.A.

1961. *The awakening of Afrikaner Nationalism 1861 – 1881*. Cape Town: Human & Rousseau.